

INHOUD.

a. Die Direkteure:

Bepalings in die Oktrooi (1602) .....	1 - 3
Die Verlengings van 1622 - '23 en 1647 .....	3 - 6
Gevolgtrekkings .....	6

b. Monopolie:

Ontstaan .....	6 - 7
Omvang .....	7 - 8
Hoofaspekte van die Monopoliestelsel .....	8 - 11

c. Maximum Wins:

Beperking van uitgawes .....	11 - 13
Hoë Verkoopspryse .....	13 - 15
Kontingente en verpligte leweransies .....	15 - 16
Resultate .....	16 - 17

d. Direkte Wins:

'n Paar illustrasies .....	17 - 18
Vrye kolonisasie: Coen .....	18 - 20
Maatsuyker en Van Imhoff .....	20 - 22
Besluit .....	22 - 23

## DIE EKONOMIESE BELEID VAN DIE KOMPANJIE.

Vanaf 1652 tot 1795, d.i. vir byna anderhalf eeu, was die Kaap 'n besitting van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie en moes dit voldoen aan die eise wat die Kompanjie daaraan gestel het. Dit spreek dus vanself dat die ekonomiese beleid van die Kompanjie ons geskiedenis in hierdie tyd op diepgaande wyse moes beïnvloed het. 'n Mens kan selfs beweer dat 'n grondige begrip van die vroeë Suid-Afrikaanse Geskiedenis, sonder kennis van die hoofrigtinge van die Kompanjie se beleid, nie moontlik is nie.

Aangesien die Kompanjiesbeleid nie in kort bestek uitvoerig behandel kan word nie, wil ons hier net trag om die hooflyne daarvan te verduidelik. Eers staan ons stil by die Direkteure van die Kompanjie wat in die eerste instansie vir die beleid verantwoordelik was, en dan by die drie kardinale beginsels van die beleid, t.w. Monopolie, Maximum Wins en Direkte Wins, waaruit die ware karakter daarvan duidelik blyk.

### a. Die Direkteure.

Uit die Oktrooi<sup>1)</sup> wat die State Generaal van die Nederlandse Republiek op 20 Maart 1602 aan die Kompanjie verleen het, blyk dat daar vir 'n sentrale of opperdireksie en vir lokale direksies van die ses Kamers waarin die Kompanjie georganiseer is, voorsiening gemaak is. In die sentrale direksie, wat begrypplikerwyse die hoogste gesag voer, word die Kamers ooreenkomstig hul bydrae tot die gemeenskaplike kapitaal verteenwoordig: Amsterdam kry ag lede, Seeland vier, en die ander vier Kamers (Delft, Rotterdam, Hoorn en Enkhuisen) elk één lid. By hierdie sestien lede word 'n sewentiende lid gevoeg wat om die beurt deur die Kamers, met uitsondering van Amsterdam, afgevaardig word.<sup>2)</sup> Here XVII — soos hierdie sentrale bestuurskollege

1) Sien Cau, Groot Placaat-Boeck, I, pp. 529-538, en Valentyn, Beschryving van Oud en Nieuw Oost-Indien, I, late stuk, pp. 186-191. Van die byna vyftig artikels waaruit die Oktrooi bestaan, handel artt. 2-5 en 18-33 oor die Direkteure.

2) M.a.w. Amsterdam sou oor ag verteenwoordigers en die ander Kamers saam altyd oor nege beskik. Hierin sien ons 'n tegemoetkoming aan die kleiner Kamers wat vir die groot invloed en mag van Amsterdam gevrees het.

later kortweg genoem is - word dan met uitgebreide magte beklee: hy besluit „wanneer men sal equipereen, met hoe veel skeepen, waer men die sal seijnden, en andere dingen den handel betreffende“. Daarby is hy verantwoordelik vir die vasstelling en uitkering van dividende. Sy vernaamste mag het egter daarin gelê dat hy, as opperbestuur, namens die Kompanjie optree. Hy benoem die hoogste beampies en stel instruksies vir hulle op. En as daar in die Oktrooi verklaar word dat die Kompanjie ooreenkomste mag aangaan, selfs oorlog mag verklaar en vrede mag sluit, dan is dit per slot van rekening ook niks anders as magte van Here XVII nie.

Naas die sentrale direksie vind ons die lokale direksies van die ses Kamers. Hulle bevoegdhede het betrekking op plaaslike aangeleenthede, en verder dien hulle Here XVII as uitvoerende liggame: wat Here XVII besluit, sal deur hulle „ge-effectueert ende in 't werck gestelt worden“. 'n Mens moet egter veral daarop let dat dit hierdie plaaslike direkteure was wat uit hul midde die lede van Here XVII benoem het.

Uit die Oktrooi blyk ook verskeie ander belangrike punte in verband met die Direkteure. Hulle kry nie vaste salarisse nie, maar geniet as vergoeding 'n kommissie van 1% op sowel die uitrusting van skepe as die winste wat gemaak word. Hulle dien vir lewenslank, en as daar vakatures opgevul moet word, berus dit vrywel by hulleself: ooreenkomstig die koöpsiestelsel stel die oorblywende Direkteure van die betrokke Kamer vir elke vakature drie kandidate voor, uit wie die provinsiale besture (Provinsiale State) of 'n ander daartoe gekwalifiseerde beampte of kollega<sup>e</sup> die finale keuse doen. Direkteure moet ook aan sekere finansiële kwalifikasies voldoen: dié van Amsterdam, Seeland, Delft en Rotterdam moet ten minste 1000 Vlaamse ponde (6000 gulden of £500) in die Kompanjie belê, en dié van Hoorn en Enkhuisen ten minste 500 Vlaamse ponde (3000 gulden of £250). Vir dié tyd is hierdie kwalifikasies baie hoog, sodat direkteursbetrekkings slegs vir mense uit die ryk handels-

aristokrasie van die stede, die regenteklas, toeganklik was, waartoe natuurlik ook die prosedure by die benoeming van nuwe Direkteure nog meer meegewerk het.

Hierdie toestand van sake lyk onwenslik, maar dit sou nie so erg gewees het, as daar vir doeltreffende toesig oor die Direkteure voorsiening gemaak is nie. Hoe was dit egter hiermee gesteld? Die Staat kon toesig uitoefen, aangesien die Oktrooi vir 21 jaar verleen is en die Kompanjie daarna om verlenging aansoek moes doen, by welke geleentheid die Staat wysigings in die Oktrooi kon aanbring, of dit selfs kon beëindig. In werklikheid sou daar egter van staatstoesig nie veel kon kom nie, want die termyn van 21 jaar is baie lank, en daarby het die Staat die ondersteuning van die Kompanjie in die stryd met Spanje hoog nodig gehad.<sup>3)</sup> Maar toesig kon ook van die aandeelhouders uitgaan: die Direkteure het onder die verpligting gestaan om elke tien jaar 'n algemene rekening of balansstaat in die openbaar voor te lê. Ons merk egter op dat die termyn ook in hierdie geval baie lank is. In tien jaar tyd kon baie dinge gebeur sonder dat die aandeelhouders op die hoogte daarvan kom, sodat 'n mens ook van die toesig van die aandeelhouders nie veel <sup>a</sup>kon verwag nie.

Hier het ons dan in breë trekke die posisie van die Direkteure by die ontstaan van die Kompanjie in 1602. Gedurende die hele tyd van die Kompanjie se bestaan is slegs enkele noemenswaardige veranderinge in verband hiermee teweeggebring, wat nou kortliks vermeld moet word.

Dit het nie lank geduur nie of daar het ernstige kritiek op die administrasie van die Direkteure gekom. Die kritici voer aan dat die Direkteure — die „ewige regering“ van die maatskappy — hulle aan <sup>n</sup>epotisme skuldig gemaak het; dat hulle ongeoorloofde bronne van inkomste hulle toegeëien het; en

---

<sup>3)</sup>Die Nederlanders is nl. in die Tagtigjarige Oorlog (1567-1648) met Spanje gewikkel. Vanaf 1580 tot 1640 was Spanje en Portugal verenig, en die Kompanjie het vir die Staat veel in die stryd beteken, in soverre hy die Spanjaarde en die Portugese in Oos-Indië, en op die roete daarheen, met krag beveg het.

dat hulle, ter wille van die voordeel, die uitrustings van die skepe onnodig kosbaar gemaak het. Daarby is dividende uiters ongeregeld uitbetaal en geen tienjaarlikse rekening is gehou nie, en hierdie feite het die kritici ook as aanduidings van ernstige wantoestande voorgehou. Die kritiek, wat in tal van pamflette vervat is, het hoe langer hoe heftiger geword na mate die tyd aangebreek het dat die Oktrooi verleng moes word.<sup>4)</sup> Die Staat het hom nou in die moeilike posisie bevind dat hy enersyds verplig was om van regmatige kritiek kennis te neem, terwyl hy andersyds, met die oog op die oorlogstoestand, geensins geneë was om die Direkteure te vervreem nie. Hoe dit ook sy, dit lê voor die hand dat die Staat nie daarvoor te vinde sou wees om die Direkteure ernstige beperkinge op te lê nie.

Aan die end van 1622 en begin van 1623 het die State-<sup>len</sup> Generaal tot verkryging van die Oktrooi vir 'n verdere tydperk van 21 jaar oorgegaan, en volgens die reglement van verlenging<sup>5)</sup> lyk dit of die posisie van die Direkteure tot 'n sekere mate wel aangetas is. Daar word nou vir Hoofparticipante voorsiening gemaak, d.i. participante<sup>s</sup> of aandeelhouders wat oor dieselfde geldelike kwalifikasies as Direkteure beskik, en wat as gekose verteenwoordigers van die aandeelhouders sekere funksies sou vervul: hulle sou as rekeningopnemers van die Kompanjie optree, hulle sou vergaderings van Here XVII bywoon en daar advies gee, en hulle sou saam met sittende Direkteure aan die voorstelling van nuwe Direkteure deelneem. Verder word die ampstyd van Direkteure beperk. Volgens 'n stelsel van rotasie sou elke drie jaar 'n aantal van hulle aftree, sodat die hele bestuur met verloop van tyd vernuwe word. Owerigens word die

4) Sien Van Rees, Gesch. der Staathuishoudkunde, II, p. 494 e.vv.; Klerk de Reus, Geschichtlicher Ueberblick ens., pp. 12-13 en 27-28; en De Lannoy en Van der Linden, Histoire de l'Expansion Coloniale des Peuples Européens, pp. 165-168.

5) „Continuatie" en „Nader Ampliatie". Sien Cau, Groot Placaet-Boeck, I, pp. 537-546, en Valentyn, Beschryving van Oud en Nieuw Oost-Indien, I, 1ste stuk, pp. 204-207.

besoldiging van Direkteure op 1% van die netto wins vasgestel, die bepaling i.s. tienjaarlikse rekenings nadruklik herhaal, en die gereelde uitbetaling van dividende voorgeskryf. Dit is omrede van hierdie wysiginge in die Oktrooi dat daar dikwels van die demokratiese gees van die eerste verlenging gepraat word.

Dit val 'n mens op dat die Hoofpartisipante — en dus indirek die aandeelhouders — wel sekere voorregte kry, maar nie magte nie: hulle neem b.v. deel aan die voorstelling van nuwe Direkteure maar oor die finale keuse het hulle niks te sê nie, en hulle woon vergaderings van Here XVII by maar hulle mag nie daar stem nie. Sulke swakhede in die posisie van die Hoofpartisipante, tesame met die feit dat hulle met die oog op toekomstige direkteursbetrekkings gewoonlik die kant van die Direkteure gekies het, moet as die vernaamste redes vir die mislukking van die demokratiese rigting van die eerste verlenging beskou word. In werklikheid was die mag van die Direkteure so groot soos voorheen: gereelde dividende het hulle nie uitgekeer nie, en die tienjaarlikse rekening het hulle, onder voorwendsel dat dit informasie aan die vyand sou verskaf, nie gehou nie.

Dit hoef ons dus nie te verwonder dat daar weer kritiek gevolg het nie, en dat dit teen 1644, toe die volgende verlenging moes plaasvind, alweer 'n toppunt bereik het. Die Kompanjie was egter reeds 'n magtige organisasie, en bowendien het hy vir die Republiek bykans <sup>m</sup>onwisbaar geword, sodat die Direkteure niks meer te vrees gehad het nie. Toe die State-~~||~~Generaal dan drie jaar later, 1647, die tweede verlenging van die Oktrooi toegestaan het, <sup>6)</sup> was daar geen neiging <sup>m</sup>veer om die Direkteure se magte in te kort nie.

Die Oktrooi word vir 25 jaar verleng, dus 'n nog langer termyn as voorheen. Ook sou die besoldiging van die Direkteure voortaan nie meer op 'n <sup>k</sup>Kommissie-basis bereken word nie, maar uit vaste salarisse bestaan. Dit blyk dat daar vir dié tyd

---

6) Casu, Groot Placaet-Boeck, I, pp. 545-548.

aansienlike salarisse vasgestel is: Amsterdamse#direkteure kry 3100 gulden, <sup>u</sup>Seense direkteure 2600 gulden, en die direkteure van die kleiner Kamers 1200 gulden. Die natuurlike gevolg van hierdie verandering was dat die bestuur met verloop van tyd in 'n burokratiese rigting ontwikkel het, want die Direkteure was nou nie meer self vooraanstaande koopliede wie se besoldiging in verhouding tot die sake van die Kompanjie gestaan het nie, maar gewone beamptes wat as sodanig vaste salarisse ontvang het.

Die Oktrooi-verlenging van 1647 was die laaste wat enige noemenswaardige verandering in die posisie van die Direkteure meegebring het. Die latere verlengings het blote formaliteite geword, en daarom kan dit hier buite rekening gelaat word.

Die voorgaande bring 'n mens tot 'n paar belangrike gevolgtrekkings. Die Kompanjie is, toe hy ontstaan het, met buitengewone magte beklee, magte wat inderdaad só groot was dat dit 'n imperium in imperio tot gevolg gehad het. Die uitoefening van hierdie magte is in die hande van direkteure geplaas, wat tot die regente of stedelike handelsaristokrasie behoort het en wat die Kompanjie eers en veral as 'n middel beskou het om hul eie materiële belange, en dié van hul eie klas, te bevorder. Waar daar geen doeltreffende toesig of kontrole oor hulle was nie, het hulle vryheid gehad om hul enge kommersiële beginsels onbelemmerd toe te pas. Toe daar ná 1647 gaandeweg 'n burokratiese bestuur ontstaan het, was ook die lede hiervan uit dieselfde klas as die vroeëre koopman-direkteure. Ons kan dus verwag dat die ekonomiese beleid van die Kompanjie in die praktyk op enge kommersialisme sou neerkom, wat hom as verteenwoordiger en draer van die Nederlandse <sup>te</sup>Kolonisasie-bedrywigheide in die Ooste minder geskik sou maak. In hoeverre dit wel die geval was, sal uit die beginsels van sy ekonomiese beleid nader gesien kan word.

b. Monopolie.

In die Noord-Nederlandse Geweste, waar die vooruitgang en bloei van die handel tot aan die begin van die sewentiende eeu

op die grondslag van privaat inisiatief berus het, het daar sedert oudsher teensin teen monopolies bestaan. Reeds in die veertiende eeu het Philips van Leyden, die bekende ou Nederlandse regsgeleerde en filosoof, hom in duidelike taal teen monopolies uitgelaat, sodat Fruin tereg o.a. oor hom kon sê: „Als een echt Hollander is Van Leiden voor handelsvrijheid“. In die sestiende en sewentiende eeue, toe monopolies in ander Europese lande alreeds baie populair geword het, was die Nederlanders nog steeds in beginsel daarteen gekant. Oldenbarnevelt het monopolies in seevaart en handel sterk afgekeur, terwyl Hugo de Groot in sy Mare liberum die onmisbaarheid van vrye mededinging op see beklemtoon het.<sup>7)</sup> Maar tog het die Kompanjie, toe hy in 1602 gestig is, 'n omvattende monopolie van die Staat ontvang, en, wat meer is, Oldenbarnevelt self was een van die vernaamste bewerkers daarvan. Hoe moet 'n mens dit verstaan? Die verklaring lê daarin dat die verskillende maatskappye, wat vóór die stigting van die Verenigde Kompanjie op Oos-Indië handel gedryf het, as gevolg van hul grenslose onderlinge konkurrensie mekaar byna uitgeroel het, en dat die Staat 'n magtige middel nodig gehad het om die Spanjaarde en die Portugese in hul winsgewende Oos-Indiese handel te belemmer. 'n Geprivilgeerde, verenigde maatskappy met 'n verreikende monopolie was vir die Nederlanders dus 'n praktiese noodsaaklikheid, ~~en~~<sup>en</sup> nie 'n logiese uitvloeisel van hul tradisionele en erkende handelsbegrippe nie.

Die monopolie word in artikel 34 van die Oktrooi omskryf: „dat niemant van wat qualiteyt ofte conditie die zij, anders dan die van de voorsz. Compagnie uyt dese Vereenichde Landen sal mogen varen, binnen den tijd van een-en-twintich Jaren eerstkomende, beginnende met desen Jare sestien-hondert ende twee incluys, beoosten de Cape de bonne Esperance, oft door de Straet van Magellanes“. 'n Enorme handelsgebied word hier vir die Kompanjie aangewys: oos van die Kaap die Goeie Hoop en deur die

---

7) Sien in hierdie verband Klerk de Reus, *Geschiedlicher Ueberblick* ens., pp. 1-2; Fruin, *Verspreide Geschriften*, I, p. 156; en Diferees, *Geschiedenis van den Ned. Handel*, pp. 170-171.

Straat van Magellaan, d.w.s. die hele gebied van die Indiese en Stille Oseaan. Deur die monopolie word hy natuurlik net teen Nederlandse konkurrente beskerm, want die State-Generaal het geen mag gehad om ook vreemdes die gebied te ontsê nie, alhoewel dit die onuitgesproke bedoeling was dat vreemdes soveel moontlik uit die beste dele van die groot gebied uitgedryf en uitgehou moes word. Die monopolie, wat die grondgedagte in verband met die stigting van die Kompanjie verteenwoordig en wat die allervernaamste reg was wat die maatskappy van die Staat ontvang het, het hy nou gaan toepas en probeer handhaaf. Dit kon nie oral met sukses gebeur nie, maar dit was nietemin altyd 'n verneme beginsel van die Kompanjiesbeleid.

Die monopolie-beleid toon in die praktyk drie hoofaspekte. Eerstens die monopolisering van die handel tussen Oos-Indië en die Republiek, wat vanselfsprekend uit die Oktrooi voortvloei. Die Kompanjie sorg daarvoor dat hy by uitsluiting van alle Nederlandse mededingers die kosbare Oos-Indiese ware, insonderheid speserye, ter plase versamel en na die moederland oorbring. Tewens sien hy toe dat hy die enigste is wat Europese artikels uit die moederland na die Ooste vervoer om die daar van die hand te sit. Dit was die vernaamste en waardevolste aspek van die monopolie, want in die verkoop van oosterse speserye op die Europese markte was die grootste winste geleë.

'n Mens sou dink dat hierdie sy van die monopolie taamlik maklik gehandhaaf kon word, aangesien by vertrek en tuiskoms van skepe doeltreffende kontrole uitgeoefen kan word, maar die Kompanjie moes in werklikheid van die begin af ernstig teen onwettige partikuliere handel stry.<sup>8)</sup> Wat kontrole moeilik maak het, was veral dat daar 'n stelsel van gepermitteerde bagasie bestaan het, waarvolgens beamptes toegelaat is om sekere goedere in kiste van bepaalde groottes saam met hulle aan boord te neem. Dit is nie moeilik om te verstaan dat smokkelware al

---

<sup>8)</sup>Vgl. Instructie voor den Gouverneur-Generaal, P.Both, en de Raden van Indië (1609), Artt. 18 en 19 (Van der Chijs, Nederlandsch-Indisch Plakaatboek, I, pp. 11-12).

spoedig onder die dekmantel van gepermitteerde bagasie vervoer is nie.

Tweedens was daar die monopolisering van die inter-gewestelike handel in 'n verskeidenheid van artikels, b.v. rys, olie, sago, sout, opium, katoenkleedjies en vee, in Oos-Indië plaaslik. Alhoewel die Oktrooi nie hiervoor voorsiening gemaak het nie, was dit tog 'n indirekte gevolg daarvan in soverre die Kompanjie bykans onbepaalde magte in sy handelgebied verleen is, en hy dus, so gou dit wenslik geblyk het, ook die plaaslike handel sou reguleer en beheer. Dit het spoedig gebeur, want, soos De Lannoy en Van der Linden sê, „commercants avisés, les Néerlandais remarquèrent bientôt que les régions maritimes de l'Asie méridionale et orientales faisaient entre elles un trafic important.”<sup>9)</sup> So begin die Kompanjie dan, naas die handel tussen Oos-Indië en die Republiek, ook dié tussen die Indiese gebiede te monopoliseer en aldus op 'n dubbele basis handel te drywe. Die monopolisering van die plaaslike handel het aanvanklik wel groot winste opgelewer, maar dit het die pligte en verantwoordelikhede van die Kompanjie ontsettend laat vermeerder sodat dit weldra te groot geword het.

Hoogstaande beamptes in Oos-Indië, b.v. ~~die~~ goewerneurs-generaal Coen en Van Imhoff, het dit ingesien en daarom 'n mate van handelsvryheid, onderhewig aan voorwaardes wat vir die Kompanjie voordelig sou wees, vir private persone in Oos-Indië bepleit,<sup>10)</sup> maar nóg die een nóg die ander kon daarin slaag om 'n prinsipiële verandering in die Kompanjiesbeleid teweeg te bring. Op die duur moes die Kompanjie erken dat hy nie by magte was om konkurrente soos Engelse, Dene, Portugese en inlanders uit die plaaslike handel te hou nie; dit sou te veel skepe, manskappe en geld eis. Vandaar dat hy eindelik, alhoewel hy in beginsel nog die uitsluitingsbeleid voorstaan, b.v.

---

9) Histoire de l'Expansion Coloniale des Peuples Européens (Néerlande et Danemark), p. 249.

10) Sien Coen se Vertoogh en sy Pointen van Reglement (Colenbrander, Jan Pietersz. Coen, Bescheiden omtrent zijn Bedrijf in Indië, IV), en Van Imhoff se Consideratiën (Heeres, De „Consideratiën” van Van Imhoff).

Engelse koopliede oogluikend toelaat om Bengaalse opium in Batavia te lewer, mits hulle maar bereid is om goed vir die voorreg te betaal.

Die derde aspek van die monopoliebeleid is die monopolisering van winsgewende binnelandse ekonomiese aktiwiteite in sekere geweste. Dit kon natuurlik net op plekke soos Batavia, Ambon, Banda, Ceylon en die Kaap gebeur, waar die Kompanjie nie slegs handel gedryf het nie, maar tegelykertyd soewerein, d.w.s. meester van die land, was. In hierdie gebiede het hy van die standpunt uitgegaan dat hy oor alle ekonomiese bedrywighede beheer het. Maar al was die Kompanjie 'n besonder sterk en kapitaalkragtige maatskappy, was dit vir hom nie moontlik, en ook nie voordelig, om die ekonomiese lewe in sy besittinge te monopoliseer nie. Gevolglik het hy ekonomiese bedrywighede net tot so 'n mate self onderneem as wat dit vir hom voordelig was, en dit owerigens aan partikuliere oorgelaat, met dien verstande egter dat hy hom volle reg voorbehou om bepalinge in verband daarmee te maak en veral die voorwaardes vas te stel waaronder sulke partikuliere hul bedrywe sou beoefen. Dat hierby dan die belange van die Kompanjie deurslag gegee het, terwyl aan dié van die betrokke partikuliere weinig of geen oorweging geskenk is nie, is maar alte goed bekend.

Die volgende dien as illustrasies hiervan. Vryburgers is toegelaat om hulle aan die Kaap en in sekere Oos-Indiese gebiede, o.s. Batavia en Banda, te vestig, maar van owerheidsweë is hulle voorgeskryf waarmee hulle moét boer, wat hulle moet produseer, waarin hulle mag handeldrywe, en teen watter pryse hulle aan die Kompanjie moet verkoop.<sup>11)</sup> Ook is sowel in Oos-Indië, as aan die Kaap die reg om sekere artikels, b.v. brood, vlees en ander voedingsmiddele, plaaslik te verkoop gereeld verpag. Dit geskied gewoonlik per publieke veiling, en die mees-biedende kry dan vir 'n vasgestelde termyn binne 'n bepaalde gebied 'n

<sup>11)</sup>Sien b.v. Van der Chijs, Ned.-Indisch Plakaatboek, I, pp. 46-48, 238-239, 303-304, en Dagverhaal van Jan van Riebeeck, II, pp. 132-137.

monopolie van die kleinhandel in die een of ander artikel.<sup>12)</sup> In hierdie verband kan ook nog die Amphioen (opium) Societeit as illustrasie aangehaal word. Toe die Kompanjie teen 1745 gevind het dat hy nie in staat was om mededingers uit die handel in opium te hou nie, het hy sy goedkeuring verleen aan en meege- werk tot die stigting van die Amphioen Societeit. Die Societeit, wat met ~~die~~ kapitaal van partikuliere gewerk het en grotendeels onder die bestuur van partikuliere gestaan het, het 'n monopolie van die kleinhandel in opium op Java gekry, terwyl die Kompanjie hom teen sekere pryse van opium voorsien het.<sup>13)</sup>

Daar kan dus geen twyfel oor bestaan nie dat die monopolie- beginsel een van die vernaamste beginsels van die Kompanjie se ekonomiese beleid was. Die handel tussen die Republiek en Oos-Indië het hy streng gemonopoliseer; op enkele uitsonderings na het hy die inter-gewestelike handel in waardevolle artikels in Oos-Indië gemonopoliseer; en sy reg van monopolie op binnelandse ekonomiese bedrywighede het hy steeds voorbehou. Aan hierdie monopoliestelsel het hy dwarsdeur sy hele bestaan vasgehou, wat veral daaraan toegeskrywe moet word dat die bestuur altyd in die hande van mense uit dieselfde klas, en met dieselfde belange, gebly het. Vóór 1647, toe die inkomste van die Direkteure nog van die welslae van die Kompanjieshandel afhanklik was, is die monopolie só ywerig geëksploiteer dat dit groot winste opgelewer het, maar toe daarna geleidelik 'n burokratiese regering ontstaan het, het die monopolie, soos Klerk de Reus sê, 'n sagte kussing geword, „worauf Energie und Unternehmungsgeist einschließen“.<sup>14)</sup>

c. Maximum Wins.

Hierbo is opgemerk dat die toekenning van 'n omvattende

---

12) Vir voorbeelde sien Van der Chijs, Ned.-Indisch Plakaatboek, I, pp.202-203, 259-262 en 283; II, pp.299-301, 312-321 en 466; en Dagregister (Kaapse Argief), 30 Des.1679, 31 Des. 1681 en 31 Des. 1683.

13) „Oktrooi voor de geprivilegeerde Societeyt tot den handel in amphioen“, 30 Nov.1745 (Van der Chijs, Ned.-Indisch Plakaatboek, V, pp.296-306). In volgende bande gee Van der Chijs ook die verlengings van die Oktrooi.

14) Geschichtlicher Ueberblick ens., p. 4.

monopolie aan die Kompanjie, vanweë die strawwe konkurrensie tussen die voor-kompanjies, vir die Nederlanders 'n praktiese noodsaaklikheid was. Die voor-kompanjies het by die inkoop van artikels in die Ooste en by die <sup>ver</sup> inkoop in Europa heftig met mekaar meegeding, met die noodsaaklike gevolge dat inkoopspryse in die hoogte gegaan en verkoopspryse gedaal het, en die netto-handelwinstes dus onrusbarend verminder het. Deur vereniging van die verskillende maatskappye sou konkurrensie uitgeskakel word en die grootste moontlike winste behaal kon word. Hierdie oorweging, wat in 'n baie groot mate tot die stigting van die Kompanjie meegewerk het, laat 'n mens reeds verwag dat maximum-wins 'n verneme beginsel van <sup>sy beleid</sup> die Kompanjiesbeleid sou wees. Die monopolie moes hiertoe meewerk, maar daarnaas is ook verskeie ander middele aangewend.

Die Kompanjie het steeds die opvatting gehuldig dat hy, ten einde sy wins so groot moontlik te maak, sy uitgawes so laag moontlik moes hou. Beampies het oor die algemeen sulke lae salarisse ontvang dat hulle moeilik daarmee kon bestaan. Dit gee daartoe aanleiding dat hulle hul inkomste uit ander bronne probeer aanvul, ~~het~~, b.v. deur tot 'n sekere mate aan die handel deel te neem of hul <sup>nie</sup> in boerderye daarop na te hou, iets wat die owerheid soms oogluikend toegelaat het. Maar die gevolg was dat wat eers bysaak was, by baie beampies weldra hoofsaak geword het, sodat die owerheid soms drasties moes optree. Toe daar teen 1647 'n veldtog teen die privaathandel van beampies op tou gesit is, was Jan van Riebeeck o.a. 'n slagoffer daarvan, maar dit was 'n vraag of selfs één van diegene wat as regters in Batavia oor hom gesit het, van privaathandel vry te pleit was. Aan die Kaap kom dit weer voor dat beampies op groot skaal boer, soos veral in die tyd van Willem Adriaan van der Stel gebeur het. Dat die Kompanjie, met die oog op sy eie wins, sy dienaars so karig besoldig het, moes noodwendig 'n nadelige uitwerking op hul morele peil hê, en daarom kan ons die woorde van Keller beaam: „The local agents lived not infrequently in a

condition of real misery; and gradually their quality deteriorated not only because good men would not come but because they did not remain honest when they did come."<sup>15)</sup>

Die strewe van die Kompanjie om sy uitgawes soveel moontlik te beperk, blyk ook daaruit dat sy militaire mag gewoonlik maar klein en van 'n lae gehalte was; dat goewerneurs en kommandeurs gedurig voorgeskryf is om te besuinig; en dat fortifikasies, selfs noodsaaklike, soms in verval geraak het.

Ten einde maximum wins te behaal het die Kompanjie hom verder steeds daarop toegelê om sy ware ten duurste te verkoop. Onder geen omstandighede moes benede die pryse verkoop word wat van owerheidsweë vasgestel is nie. Colenbrander vermeld die interessante geval van Zwaardcroon, direkteur van die faktory by Soerat: hy het speserye, waarvoor daar geen goeie afset was nie en wat eenvoudig lê en verrot het, benede die vasgestelde prys gaan verkoop, en is toe verplig om die verskil self in te betaal.<sup>16)</sup>

As dit die Kompanjie te doen was om so duur moontlik te verkoop, dan moes hy met die aanvraag na sy handelware rekening hou en die aanbod só reël dat hoë pryse gehandhaaf bly. Om duur te verkoop het dan in die praktyk vir hom beteken om min te verkoop; slegs as die aanbod klein was, so het hy geredeneer, sou die pryse hoog wees. Vandaar dat hy in die reël veel meer daarop uit was om die produksie te beperk as om dit uit te brei. Slegs die produksie van koffie en suiker het hy, toe daar groot hoeveelhede van dié artikels nodig was, 'n tydlank aangemoedig, maar voor die end van die sewentiende eeu het die suikerkultuur alreeds weer na die sin van die owerheid te uitgebreid geword, terwyl in 1733 ook die aanplanting van koffie teengegaan is.<sup>17)</sup>

In sy strewe om die produksie doeltreffend te beperk het die Kompanjie hom soms aan 'n harde en genadelose optrede teenoor die inboorlinge skuldig gemaak. Dit word die beste geillus-

---

<sup>15)</sup>Colonization, p. 426.

<sup>16)</sup>Koloniale Geschiedenis, II, p. 232.

<sup>17)</sup>Ibid., pp. 232-233.

treer in verband met die naeltjieskultuur op Ambon en die neutkultuur op Banda. Aangesien die produksie van naeltjies op Ambon voldoende was om in die behoeftes van die Kompanjie te voorsien, het hy die naeltjieskultuur tot Ambon beperk en dit op alle ander plekke verbied. Jaarliks is die hongitogte onderneem, waardeur die naeltjiesbome buite Ambon met geweld uitgeroei is en waaronder die inlanders  ~~baie~~  swaar gely het.<sup>18)</sup> Op Banda het die Kompanjie nog veel meer drasties opgetree. Hy kon hier nie op die inlanders reken om bepaalde hoeveelhede neut te lewer nie, en bowendien het hulle alte graag met konkurrente soos Engelse en Portugese <sup>nie</sup> slykhandel gedryf, met die gevolg dat Coen met groot wreedheid eenvoudig die hele eiland in 1621 ontvolk het: sommige van die inwoners is om die lewe gebring, ander is as slawe weggevoer en ander het van honger omgekom. Daarna het Coen perke aan blanke koloniste uitgegee, en die perkeniers moes dan met behulp van slawe sekere hoeveelhede neut teen vasgestelde pryse aan die owerheid lewer.<sup>19)</sup>

Dit is ook aan die beginsel van maximum wins toe te skrywe dat die Kompanjie altyd en ernstig getrag het om sy uitbetalings in klinkende munt soveel moontlik te beperk, iets wat volkome in ooreenstemming met die <sup>m</sup>werkantillistiese opvattinge van die sewentiende eeu was, waarvolgens daar buitengewone groot waarde aan edel metale geheg is. Ter besparing van sy geldvoorraad probeer die owerheid om die gesogte artikels in Oos-Indie deur ruilhandel met Europese fabrieksware, veral linne, te verkry. Hiermee het hy egter nie veel sukses gehad nie want klerasie-artikels is in die Ooste goed en goedkoop voortgebring, en aan ander Europese fabrieksware het die inlanders nie so 'n behoefte gehad dat dit as ruilmiddel die plek van geld kon inneem nie. Hoe ongraag hy dit dan ook gesien het, was die Kompanjie dus

---

18) Hongi, d.i. 'n inlandse oorlogsvloot. Dit bestaan gewoonlik uit proue of ander vaartuie waarvan die bemanning goed gewapen is (Sien Encyclopaedie van Nederlandsch-Indië, II, H - M, p. 104).

19) Sien b.v. Colenbrander, Koloniale Geschiedenis, II, pp. 116-118.

verplig om, wanneer hy handelware gekoop het, dit met geld te doen. In die lig hiervan is dit nie vreemd dat hy allerlei planne beraam het om sy voorraad edel metale te spaar nie. Hy maak o.a. meer en meer gebruik van koper duitte wat in Oos-Indië tweekeer soveel werd was as in Europa. Ook ontstaan die gewoonte om sekere geldsoorte verskillend te valueer na gelang die Kompanjie dit ontvang of uitbetaal: aan die Kaap word b.v. opgemerk dat <sup>hy</sup> die Kaapse gulden „gewoonlijk tot 15 stuivers ontvang voor 20 uitbetaalde genietende dus voordeel van beide zijden.“<sup>20)</sup> Wat edel metaal betref, was die stelreël dus steeds om met 'n klein bietjie so ver moontlik te kom.

Verder het die Kompanjie geweet om, behalwe deur aankoop, ook op ander maniere, insonderheid deur die stelsel van kontingente en verpligte leweransies, in besit van die gesogte handelsartikels te kom. Die kontingente was vasgestelde leweringe van sekere soorte produkte, veral speserye en rys, wat inboorlinghoofde in Kompanjiesgebiede jaarliks moes doen; vir 'n deel van die lewering betaal die Kompanjie gewoonlik 'n geringe prys en die res ontvang hy kosteloos. In die sewentiende eeu het die kontingentestelsel nog net in die omgewing van Batavia en in die Molukke toepassing gevind, maar na mate die Kompanjie sy gesag uitgebrei het, is dit ook op ander gebiede, b.v. die Ooskus van Java, oorgeplant. Hierdie stelsel het dikwels swaar op die inboorlinge gedruk, waarvoor nie <sup>soveel</sup> ~~soseer~~ die Kompanjie nie, maar veeleer die inboorlinghoofde self verantwoordelik gehou moet word: die Kompanjie was nie besonder streng, en selfs nie gereeld, met die invordering van kontingente nie, maar die opperhoofde het afpersing van die bevolking nie ontsien om die nodige produkte te kry nie.

---

20) M.S. Germ. Fol. No. 892, p. 206 (Staatsbiblioteek, Berlyn). Nou verbonde hiermee is die gebruik van swaar en ligte geld, wat op sigself egter 'n groot en ingewikkelde vraagstuk is wat ons ver buite die perke van ons onderwerp sou voer. Sien daarvoor b.v. Klerk de Reus, Geschichtlicher Ueberblick ens., pp. 189-232 (Afdeling: Die Finanzen der Compagnie in Indien, veral pp. 200-202).

Die verpligte leweransies was gewoonlik die gevolg van hulp wat die Kompanjie in politieke geskille van inboorlinghoofde verleen het. In ruil vir sulke hulp moet die opperhoof, ooreenkomstig 'n kontrak met die Kompagnie, onderneem om hele oeste van sekere produkte of anders bepaalde hoeveelhede daarvan te lewer. Die Kompanjie ontvang dit dan óf verniet óf teen 'n bespotlike prys. Met hierdie stelsel word in 1677 'n begin gemaak toe die Soesoehoenan van Java hom verbind het om, as vergoeding vir militaire steun, jaarliks 'n groot hoeveelheid rys te lewer. In 1686 volg 'n soortgelyke ooreenkoms met die Sultan van Bantam, en daarna 'n hele aantal dergelyke kontrakte.<sup>21)</sup>

Langs al hierdie wêreld het die Kompanjie getrag om sy beginsel van maximum wins deur te voer. Oënskynlik het hy ook, aanvanklik ten minste, goed daarin geslaag, want neut en naeltjies, b.v., wat teen anderhalf stuiwer en vier stuiwers onderskeidelik per pond verkry is, is in Europa teen drie en vier gulden per pond verkoop — dus winste van nagenoeg 4000% en 2000%. Maar sulke winste kon op die duur nie gehandhaaf word nie, en dit kan ook geensins as aanduidings van die welvaart van die Kompanjie beskou word nie. Hy het nie slegs as Koopman <sup>opgetree</sup> nie, maar ook as Groot Moondheid <sup>opgetree</sup>. As Koopman het hy na die grootste moontlike winste gestrewe en strenge besuiniging voorgeskryf, maar dit was vir hom as Groot Moondheid 'n kortsigtige en selfs noodlottige beleid want as sodanig moes hy die middele hê om, ook buite die handel om, vir noodsaaklike dienste voorsiening te maak en sy veelvuldige belange te beskerm. Selfs uit handelsoogpunt beskou was sy beleid kortsigtig. Sy enge en oordrewe standpunt dat hy duur kon verkoop deur min te verkoop, het gedurige stryd met konkurrente en die hongitogte teen die inboorlinge tot gevolg gehad. Deur die hongitogte, asook deur die stelsel van kontingente en verpligte

---

21) Vir kontingente en verpligte leweransies sien Klerk de Reus, *Geschiedlicher Ueberblick* ens., pp. 209-216, en *Encyclopaedie van Ned.-Indië*, II, H.-M., p. 525.

leweransies, het die inboorlinge verarm en is sowel hul produksie-as hul konsumpsievermoë verlaag. Die koorsagtige strewe na maximum wins het tewens meegebring dat daar op sekere kosbare handelsartikels gekonsentreer is, terwyl — soos Coen en Van Imhoff getuig het — ander artikels waarin met verloop van tyd ook 'n winsgewende handel opgebou kon word, opsy gelaat is.<sup>22)</sup>

Hierin sien ons die oordrewe kommersialisme van die Kompanjiesbeleid, maar dit kom nog meer uit as ons let op die laaste vername beginsel, nl. direkte wins.

d. Direkte Wins.

Die Kompanjie het verwag om onmiddellik die resultate van sy ekonomiese ondernemings te sien, en was nie bereid om kapitaal te belê en dan lank, miskien jarelank, te wag voordat 'n wins gemaak word nie. M.a.w. hy gee voorkeur aan direkte wins bo omwegwins. Een en ander reeds voorheen aangehaal, kan ook hier as bewyse dien: nougesette eksploitasie van die monopolie, konsentrasie op die kosbare speserye, goedkoop inkoop en duur verkoop — dit alles het, naas die beginsel van maximum wins, ook dié van direkte wins gedien. Daar is nog tal van ander bewyse, waarvan slegs enkele genoem kan word.

Eers die houding van die Kompanjie teenoor die Kaap. Die Kaapse volksplanting, wat hy as 'n verversingspos en herstellingsoord aangê het, het in die aard van die saak nie direkte voordele nie, maar wel uiters belangrike indirekte voordele meegebring. Dit het hy egter klaarblyklik nooit na waarde geskat nie, want herhaaldelik word oor dié geldelike tekorte aan die Kaap gekla en word drastiese besuiniging voorgeskryf. Die Kompanjie skyn te vergeet dat die Kaap nie die speserye van die Ooste oplewer nie, en dat van 'n verversingspos nie direkte winste verwag kan word nie, met die gevolg dat die volksplanting as 'n „Lastposten im Finanzwesen der Kompanie“ beskou word.<sup>23)</sup>

Verder is daar die houding van die Kompanjie in verband

---

22) Colenbrander, Jan Pietersz. Coen, Bescheiden omtrent zijn Bedrijf in Indië, IV, p. 614 (Pointen van Reglement ens.) en Heeres, De „Consideratiën“ van Van Imhoff, pp. 508-510.  
23) Sien Geyer, Das wirtschaftliche System der niederländischen ostindischen Kompanie am Kap der Guten Hoffnung, 1785-1795. pp. 9-37.

met ~~andere bedrywe, D. S. Nyabon~~, landbou en veeteelt. ~~Ten~~  
~~epyte van bewyse van goud op b. v. Sumatra, Celebes en Borneo,~~  
~~en van koper in Suid-Afrika, het die Kompanjie nooit ernstige~~  
~~peginge aangewend om die metale te eksploteer nie.~~ Wat  
landbou betref, het hy dit net in soverre aangemoedig as wat dit  
onmiddellik in sy eie behoeftes kon voorsien, maar nooit het hy  
met die oog op die belange van die <sup>van sy gebiede</sup> inwoners, hetsy inlanders,  
vryburgers of slawe, landboumetodes verbeter, of beter en  
nuttiger landbougewasse ingevoer nie. Met die veeteelt was dit  
net dieselfde gesteld; ook hierdie bedryf het die Kompanjie net  
uit die oogpunt van sy eie onmiddellike behoeftes gesien. Aan  
die Kaap moes die veeteelt in die owerheid se behoefte aan vars  
vlees voorsien, en solank dit gebeur het, was die owerheid te-  
vrede. In die jare 1703-1707 het dit egter geblyk dat wol  
plaaslik geproduseer, alhoewel dit nog maar van 'n swak gehalte  
was, in Europa winsgewend verkoop kon word, en waarskynlik met  
verloop van jare sowel vir die Kompanjie as vir die koloniste  
'n vername bron van inkomste kon uitmaak. Maar om sukses te  
verseker moes plaaslik 'n goeie woldraende skaapras opgebou word,  
iets wat slegs deur die invoer van groot getalle wolskape, m.a.w.  
teen heelwat onkoste, kon geskied, en hiervoor was die  
Kompanjie nie te vinde nie.<sup>24)</sup> Doelbewuste bevordering en  
ontginning van hierdie bedrywe sou heelwat onmiddellike uit-  
gawes meebring, en geen onmiddellike wins nie. Weliswaar het  
dit groot voordeel na verloop van tyd beloof, maar hiervoor het  
Here Direkteure nie gevoel nie want wat hulle verwag het, was  
direkte wins.

In hierdie verband moet veral ook die uiters belangrike  
kwessie van vrye kolonisasie aangeroe word. In die Oktrooi  
is daar geen sprake van die vestiging van vrye koloniste in die  
Kompanjiesgebiede nie, maar slegs van beamptes wat na die  
handelsbelange moes omsien. Nietemin kom dit 'n hele paar keer  
voor dat hoë beamptes in Oos-Indië die wenslikheid van vrye

---

24) Thom, Geskiedenis van die Skaapboerdery in Suid-Afrika,  
pp. 151-155 en 272.

blanke koloniste ter plase insien en by die bewindhebbers daarop aandring.

Die eerste was goew.-gen. Jan Pietersz. Coen, die onver-skrokke Nederlandse ryksbouer, wat reeds genoem is. In twee uitvoerige en belangrike stukke het hy in 1623 sy kolonisasie-planne aan die Direkteure voorgelê.<sup>25)</sup> Hy meen dat sy planne by Batavia, op Banda en op Ambon met sukses toegepas kan word, en verlang as koloniste „goede, eerlijke lieden met goet kapitaal“. Deur ambagte, vissery, landbou, veeteelt en veral ook plaaslike vryhandel sou hulle 'n bestaan vind. Hy wy ook aandag aan die voordele wat die Kompanjie op die duur van dergelyke kolonisasie sou hê: die koloniste sou help om die land te verdedig, hulle sou konkurrente uit die handel uitdryf, en mettertyd sou hulle by wyse van „tollen en impositien“ tot vermeerdering van die binnelandse inkomste meewerk. Ten spyte van kritiek wat op Coen se voorstelle uitgespreek is, het hy tog daarin geslaag om Here XVII van die wysheid daarvan te oortuig. Maar voordat hy tot uitvoering kon oorgaan, het hulle hom alweer verbied om enige handelsvryheid aan koloniste toe te laat, wat 'n baie ernstige slag vir sy planne was. Nogtans gaan hy voort: soos hy inderdaad reeds vóór 1623 gedoen het, het hy ook nou Kompanjiesdiensdiens wat tot vrydom geneig was, uit die diens ontslaan en hulle toegelaat om hulle as vryburgers in Batavia en <sup>o</sup>ommelande te vestig. En na die ontvolking van Banda het hy, soos reeds terloops opgemerk is, ook hier vrye koloniste, die perkeniers, geplaas.

Tot sy dood toe in 1629 het Coen steeds probeer om die hand oor die hoof van sy vryburgers te hou, maar op die duur het daar van sy mooi planne weinig tereg gekom, hoofsaaklik omdat Here XVII, wat sy voorstelle in elk geval halfhartig goedgekeur het, in die praktyk geen noemenswaardige steun daaraan verleen het nie. In 1631 was baie van die vryburgers alreeds

---

<sup>25)</sup> Sy „Vertoogh van den Staet der Vereenichde Nederlanden in de Quartieren van Oost-Indiën“ en sy „Poincten van Reglement ende Redres van de Staet van de Compagnie van Indiën“ (Sien Colenbrander, Jan Pietersz. Coen, Bescheiden omtrent zijn Bedrijf in Indië; IV, pp.577-601 en 610-623.

sodanig verarm dat hulle deur die owerheid onderhou moes word, en gevolglik stel hulle alles in die werk om na die moederland terug te keer.<sup>26)</sup>

Joan Maets<sup>u</sup>nyker, wat van 1653 tot 1678 goewerneur-generaal was, was die volgende om met erns kolonisasieplanne te bepleit. Wat die tipe van koloniste, hul middele van bestaan, en die voordele van kolonisasie vir die Kompanjie betref, kom sy denkbeelde sterk ooreen met dié van Coen. Daarby wys hy Here Bewindhebbers met nadruk daarop dat die koloniste eers tegemoetkomend behandel moes word, sodat hulle tot selfstandigheid kon kom alvorens hulle met allerhande verpligtings beswaar word.<sup>27)</sup> As gevolg van sy vertoë het Here XVII in 1670 'n verordening uitgevaardig waarvolgens emigrante wat hulle na Ceylon, Mauritius, Batavia en die Kaap wou begewe, betreklik gunstige voorwaardes aangebied is.<sup>28)</sup> Maar ook in hierdie geval het die kolonisasie in die praktyk nie veel sukses gehad nie. Op Ceylon het die vryburgers in treurige toestande geraak omdat die Kompanjie geweier het om hul vernaamste produk, tabak, te koop en hulle tegelykertyd verbied het om dit aan andere te verkoop. Na verloop van tyd v<sup>me</sup>ervang hulle grotendeels met die inboorlinge. Op Mauritius is die neersetting na 'n sukkelende bestaan van 'n aantal jare in 1706 finaal opgegee. By Batavia was die resultaat weinig beter: die Kompanjie het die handel van die vryburgers deur beperkende maatreëls gedurig laat inkrimp, sodat hulle teen 1679 reeds nie meer in staat was om hul gesinne te onderhou nie. Slegs aan die Kaap is die kolonisasiebedrywighede met sukses bekroon, soos uit die neersetting van die Franse Vlughtelinge en van Nederlandse immigrante in die tyd van Simon van der Stel blyk.

Eers teen die middel van die agtiende eeu sou die Kompanjie weereens kolonisasie aanpak. In 1741 bied Van Imhoff sy

---

26) Vgl. Klerk de Reus, *Gesichtlicher Ueberblick* ens., pp. 278-279.

27) Thom, *Kolonisasie-Denkbeelde van Jan van Riebeeck* (Tijdschrift voor Geschiedenis, 52ste Jaargang, Aflewering I).

28) Van der Chijs, *Ned.-Indisch Plakaatboek*, II, pp. 524-526.

„Consideratiën over den tegenwoordigen staat van de Nederlandsche Oost Indische Maatschappij" <sup>29)</sup> aan Here XVII aan, 'n breedsprakige stuk wat in hoofsaak herhaal — veral met betrekking tot kolonisasie — wat Coen reeds meer as 'n eeu tevore betoog het. Hierin verlang hy o.a. intensiewe kolonisasie in Batavia en omgewing. Die gevolg was dat Here XVII dan ook vryburgers toegelaat het om hulle as landbouers daar te gaan vestig, maar, vanweë 'n gebrek aan behoorlike beskerming van owerheidsweë, is die jong kolonie enkele jare later deur rowerbendes byna heeltemal uitgewis. Toe daarna 'n nuwe begin gemaak is, het die Kompanjie die werk van die koloniste weer belemmer deur hulle voor te skryf wat hulle moes verbou in plaas van hulle toe te laat om te verbou wat hulle die beste van die hand kon sit. Dat hulle op die duur nog heelwat tot die ontwikkeling van b.v. die Freangerlande by Batavia kon bydra, het hulle eerder ten spyte van die Kompanjie, as met sy hulp, reggekry.

'n Mens kom tot die gevolgtrekking dat die Kompanjie in beginsel nooit 'n voorstander van vrye kolonisasie was nie; wat hy in verband daarmee gedoen het, het hy op aandrang van die drie genoemde goewerneurs-generaal gedoen, en selfs dié pogings het hy só halfhartig en terughoudend onderneem dat dit vrywel by die begin alreeds tot mislukking gedoem was. Die weinige wat wel daarvan geslaag het, was veel meer die gevolg van besondere plaaslike omstandighede en van die deursettingsvermoë van die betrokke koloniste, as van die maatreëls van die Kompanjie. Hierin word, nog beter as in verband met die vorige punte, die uitwerking van die beginsel van direkte wins geillustreer. Die vestiging van vrye koloniste in jong lande eis heelwat kapitaal: die koloniste moet vervoer word, hulle moet aanvanklik van die nodige voorsien word, en hulle moet — vir 'n tydperk altans — beskerm word. In die reël is dit nie 'n winsgewende onderneming nie, en as daar nog voordeel te haal is, 29) Sien Heeres, De „Consideratiën" van Van Imhoff.

dan is dit eers na jare moontlik wanneer die koloniste self-standig geword het en ekonomiese laste kan dra, of wanneer hulle op politieke en kulturele gebied die prestige en aansien van die betrokke moederland verhoog. Dit spreek vanself dat so iets nie op die program van 'n handelsmaatskappy gestaan het wat deur kommersieel-gesinde Direkteure bestuur is, en wat nie geneig was om geld en aandag aan bedrywe of ondernemings te bestee wat nie direkte wins opgelewer het nie.

Die drie vernaamste beginsels van die Kompanjiesbeleid, Monopolie, Maximum Wins en Direkte Wins, is oorsigtelike halwe afsonderlik behandel, maar 'n mens moet onthou dat hulle deur die Kompanjie in werklikheid nie van mekaar geskei is nie en in die nouste samehang met mekaar toegepas is, sodat hulle kumulatief 'n eenheidsbeleid gevorm het. Dit is 'n beleid hierdie wat ons veral deur sy engheid en oordrewe kommersialisme tref. Met die feit dat 'n maatskappy wat 'n monopolie verkry en handelwinsts beoog, daardie monopolie dan met die oog op sy doelstelling gaan eksploiteer, is daar as sodanig nog niks verkeerd nie, maar die swakheid lê daarin dat die Direkteure hierdie beleid ter wille van onmiddellike materiële voordeel op die spits gaan dryf het. Op so'n wyse kon vir 'n tydperk wel groot winste aangeteken word, maar blywende belange wat bo onmiddellike materiële voordeel uitgestyg het, kon nie bevorder word nie.

Daarby het die Direkteure dwarsdeur die byna twee eeus van die Kompanjie se bestaan altyd aan dieselfde enge beginsels bly vashou. Dié beginsels is in die sewentiende eeu, toe die merkantilistiese opvattinge gehuldig is, seker nie vreemd nie, maar die Direkteure, wat altyd uit dieselfde klas was en dieselfde belange gehad het, toon geen aanpassingsvermoë nie, en hou ook in die agtiende eeu, toe die merkantilisme uitgedien, geraak het, nog steeds aan hul verouderde beginsels vas. Daarom wêk dit geen verwondering nie dat die Kompanjie, wat

deur die Nederlandse Staat in die lewe geroep is en ook voortdurend gesteun is om nie slegs as Koopman nie maar ook as Groot Moondheid op te tree, sy taak as Koopman op 'n kortsigtige wyse volbring het waardeur ook sy optrede as Groot Moondheid ernstig belemmer is. Dit het Oos-Indië ondervind, maar dit het ook die Kaap ondervind waar 'n groeiende, selfstandige burgerbevolking herhaaldelik teen die beperkende owerheidsmaatreëls in verset moes kom.

VERNAAMSTE LITERATUUR EN BRONNE.

A. LITERATUUR.

- Colenbrander, H. T. : Koloniale Geschiedenis, II, 's-Gravenhage 1925.
- Day, C. : The Policy and Administration of the Dutch in Java, Nu York en Londen 1904.
- de Lannoy, Ch. en  
Van der Linden, H. : Histoire de l'Expansion Coloniale des Peuples Européens (Néerlande et Danemark), Brussel 1911.
- de Reus, G. C. Klerk : Geschichtlicher Ueberblick der administrati<sup>on</sup>, rechtlichen und finanziellen Entwicklung der niederländisch-ostindischen Compagnie, Batavia en 's-Hage 1894. (Verhandelingen van het Bataviaasch Genootschap van Kunsten en Wetenschappen, Deel XLVII, 3de stuk).
- Diferee, H. C. : De Geschiedenis van den Nederlandschen Handel tot den Val der Republiek, Amsterdam 1908.
- Encyclopaedie van Nederlandsch-Indië (4 dele, 2de druk), 's-Gravenhage en Leiden 1917-1921.
- Geyer, A. L. : Das wirtschaftliche System der niederländischen ostindischen Kompanie am Kap der guten Hoffnung 1785-1795, München en Berlyn 1923 (Historische Bibliothek, Band 50).
- Keller, A. G. : Colonization, A Study of the Founding of New Societies, Boston, Nu York, Chicago en Londen, 1908.
- Leroy-Beaulieu, P. : De la Colonisation chez les Peuples Modernes (2 dele, 6de druk), Parys 1908.
- Molsbergen, E. C. Godée: Jan van Riebeeck, Amsterdam 1912.

Geschiedenis van Nederlandsch Indië (onder leiding van Dr. F. W. Stapel), III - Stapel, F. W. De oprichting der vereenigde oostindische Compagnie etc.; en IV - Molsbergen, E. C. Godée, De Nederlanden oostindische Compagnie in de geschiedenis van de Nederlanden; Amsterdam 1939.

- Pringsheim, O. : *Wirtschaftliche Entwicklungsgeschichte der vereinigten Niederlande im 17. und 18. Jahrhundert*, Leipzig 1890.
- Thom, H. B. : *Geskiedenis van die Skaapboerdery in Suid-Afrika*, Amsterdam 1936.
- Thom, H. B. : *Kolonisasie-Denkbeelde van Jan van Riebeeck* (*Tijdschrift voor Geschiedenis*, 52ste Jaargang, Aflevering 1).
- van Brakel, S. : *De Hollandsche Handelscompagnieën der Zeventiende Eeuw*, 's-Gravenhage 1908.
- van Rees, O. : *Geschiedenis der Staathuishoudkunde in Nederland tot het Einde der 18de Eeuw* (2 dele), Utrecht 1868.

B. BRONNE.

- Cau, C. : *Groot Placaet-Boeck vervattende de Placaten, Ordonnantien ende Edicten van de Doorluchtige, Hoogh Mog. Heeren Staten Generael ens., I*, 's-Gravenhage 1658.
- Colenbrander, H. T. : *Jan Pietersz. Coen, Bescheiden omtrent zijn Bedrijf in Indië*, IV, 's-Gravenhage 1922.
- Dagverhaal van Jan van Riebeeck, II (*Historisch Genootschap van Utrecht, Nieuwe Serie No. 58*).
- de Jonge, J. K. J. : *De Opkomst van het Nederlandsch Gezag in Oost-Indië*, Verzameling van onuitgegeven Stukken uit het Oud-Koloniaal Archief (13 dele), 's-Gravenhage, 1862-1888.
- Heeres, J. E. : *De „Consideratiën“ van Van Imhoff*, 1912.
- Valentyn, F. : *Oud en Nieuw Oost-Indiën, vervattende een Naaukeurige en Uitvoerige Verhandeling van Nederlands Mogentheyd in*

die Gewesten, I, Dordrecht en  
Amsterdam 1724.

van der Chijs, J. A. : Nederlandsch-Indisch Plakaatboek,  
1602-1811 (17 dele), Batavia en  
's-Hage 1885-1900.

*(Verder archiefstukke was in vroetliohet vermeld).*